2026

Die drie getuies van Openbaring

DRIE OOREENSTEMMENDE PROFESIEË IN OPENBARING

Die drie getuies van Openbaring

Kort samevatting

Hierdie kort samevatting lig die belangrikste gedagtes uit oor die drie ooreenstemmende profesieë in Openbaring en hoe dit volgens die dokument saamwys na Christus se wederkoms, oordeel en uiteindelike oorwinning.

- Openbaring bevat drie ooreenstemmende profesieë en ons noem dit: Die sewe seëls, Die vrou en die draak, en Christus se oorwinning.
- Al drie profesieë wys volgens die dokument na dieselfde kerngebeurtenis, naamlik die wederkoms van Christus.
- Die wederkoms word beskryf as ’n tyd van oordeel, wraak, rampe en wêreldwye konflik, nie as ’n stille of geheime gebeurtenis nie.
- Die seëls, basuine en skale word verbind met opeenvolgende oordele wat uitloop op Armagéddon en Christus se heerskappy.
- Die dokument eindig met Christus se duisendjarige regering, Satan en die mens se finale oordeel, die nuwe hemel en aarde, en die Nuwe Jerusalem.

Die volgorde van gebeure:

‘n Seun is vir ons gebore, Hy word weggeruk na God en sy troon, Die dier wat uit die see uitkom (Die Vatikaanstad), Die dier wat uit die aarde uitkom (Washington, D.C.), Die merk van die dier, Die wederkoms van die Verlosser, Sy verlostes gaan Hom in die lug tegemoet en kom saam met Hom terug aarde toe, Hy stort sy oordele van wraak uit op die bewoners van die aarde, Die laaste oordeel is die Slag van Armagéddon, Die Satan word vir duisend jaar in die afgrond toegesluit, Die Koning regeer vir ‘n duisend jaar saam met sy verlostes oor die aarde en herstel die skepping na hoe dit was voor die sonde, Die Satan word losgelaat uit sy gevangenis en hy verlei die nasies om teen Jerusalem op te trek en die Koning en sy volk te vernietig (Die oorlog van Gog en Magog), Vuur kom uit die hemel en verteer hulle. Die Satan en sy engele word in die hel gewerp, Die dag van sy groot oordeel breek aan en almal wat nie gewas is in die bloed van die Lam nie, beland saam met die Satan in die Hel. Daar is ‘n Nuwe hemel en die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem daal van God uit die hemel neer.

Drie ooreenstemmende profesieë in Openbaring

A) Die boek met die sewe seëls. Openbaring 6
B) Die vrou en die draak Openbaring 12
C) Oorwinning van Christus Openbaring 19:11

Leesgids: Dieselfde kleur en emoji verbind gedeeltes wat parallel met mekaar loop.

Wederkoms / wit perd	Verseëlde diensknegte
Eerste oordeel	Tweede oordeel
Derde oordeel	Vierde oordeel
Vyfde oordeel	Sesde oordeel / Armagéddon
Sewende oordeel / Koninkryk	Bruid / Nuwe Jerusalem
Finale oordeel	Nuwe hemel en aarde

Inhoudsopgawe:

A) Die boek met die sewe seëls – Openbaring 6 tot 11:19

A1) Die sewe seëls word oopgemaak

A1.1) 6:1 Die wit perd
A1.2) 6:3 Die vuurrooi perd
A1.3) 6:5 Die swart perd
A1.4) 6:7 Die vaal perd
A1.5) 6:9 Die siele onder die altaar
A1.6) 6:12 Die mense op die aarde vlug vir die Lam wat op sy troon sit
A1.7) Die diensknegte van God wat op die aarde is, word eers verseël voordat die engele die basuine blaas
A.1.8) 8:1 Sewe engele blaas op sewe basuine

A2.1) 8:7 Eerste basuin – Hael en vuur vernietig ‘n derde van die bome en groen gras.
A2.2) 8:8 Tweede basuin – Brandende berg word in die see gegooi en ‘n derde van die see het bloed geword.
A2.3) 8:10 Derde basuin – Brandende ster val op die riviere en fonteine en ‘n derde van die water het bitter geword.
A2.4) 8:12 Vierde basuin – ‘n Derde van die son, maan en sterre is getref en die derde van die dag sal nie meer sy lig gee nie.
A2.5) 9:1 Vyfde basuin – ‘n Ster wat uit die hemel geval het, ontvang die sleutel van die afgrond, waarmee hy dit dan oopsluit, en sprinkane wat mag het om die mense vyf maande lank te pynig, het daaruit gekom.
A2.6) 9:13 Sesde basuin – Die groot oorlog anderkant die Eufraat.
A2.7) 11:15 Sewende basuin – Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van die Lam geword.

B) Die vrou en die draak – Openbaring 12 tot 19:7

B1.1) 12:1 Die vrou met die twaalf sterre het in die hemel verskyn.
B1.2) 12:3 ‘n Groot vuurrooi draak het ‘n derde van die sterre van die hemel met sy stert meegesleep.
B1.3) 12:4 Die vrou was swanger, en die draak het gereed gestaan om haar Kind te verslind, omdat Hy met ‘n ystersepter sou regeer.
B1.4) 12:4 Die draak het ‘n derde van die engele van God mislei deur hulle te oortuig dat hy aan die Almagtige gelyk is. Hulle het hom gevolg en is saam met hom op die aarde gewerp.
B1.5) 12:7 Die draak het toe oorlog gaan maak in die hemel, maar kon nie oorwin nie.

B2.1) 13:1 Die dier wat uit die see uit opkom.
B2.2) 13:2 Die dier is soos ‘n luiperd, ‘n beer en ‘n leeu en die draak het hom sy mag en sy troon en sy krag gegee.
B2.3) 13:3 Een van die draak se sewe koppe was dodelik gewond en sy wond is genees.
B2.4) 13:6 Die dier laster teen God se Naam, sy tabernakel en dié wat in die hemel woon.

B3.1) 13:11 Die dier wat uit die aarde opkom.
B3.2) 13:12 Hy maak dat die bewoners van die aarde die eerste dier aanbid.
B3.3) 13:16 Hy maak dat almal ‘n teken ontvang waarsonder hulle nie kan koop of verkoop nie.

B4.1) 14:1 Die Lam staan op die berg saam met die honderd vier en veertig duisend.
B4.2) 16:1 Sewe engele met die sewe skale wat as die laaste plae op die aarde uitgegiet word.

B5.1) 16:2 Die eerste skaal – Kwaai en bose swere het op die mense gekom.
B5.2) 16:3 Die tweede skaal – Die see het soos bloed geword en die lewende wesens het gesterf.
B5.3) 16:4 Die derde skaal – Die riviere en fonteine het soos bloed geword.
B5.4) 16:8 Die vierde skaal – Die son het die mense met groot hitte geskroei.
B5.5) 16:10 Die vyfde skaal is op die troon van die dier uitgegooi, sy koninkryk is verduister en hulle het hulle tonge gekou van pyn.
B5.6) 16:12 Die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die Eufraat vir die groot oorlog van Armagéddon.
B5.7) 16:17 Die sewende engel het sy skaal uitgegooi en ‘n stem het uit die hemel geroep wat sê: Dit is verby!
B5.8) 19:7 Die bruilof van die Lam; sy vrou het haar gereed gemaak.

C) Oorwinning van Christus – Openbaring 19:11 tot 21:16

C1.1) 19:11 Die Koning kom na die aarde met sy wit perd en sy leërs in die hemel het Hom gevolg.

C1.2) 19:19 Die dier en die leërs van die aarde het hulle versamel om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit.

C1.3) 20:1 'n Engel uit die hemel het die draak gebind en toegesluit vir duisend jaar in die afgrond.

C1.4) 20:4 Trone is gegee aan hulle wat die Lam gevolg het waarheen Hy ook al gaan, en hulle het die duisend jaar lank saam met Hom regeer.

C1.5) 20:7 Na die duisend jaar word die draak weer losgelaat uit sy gevangenis.

C1.6) 20:8 Hy gaan dan uit om die nasies te verlei (die Gog en die Magog) en hulle gereed te maak vir die oorlog.

C1.7) 20:9 Vuur van God uit die hemel het gekom en hulle almal vernietig.

C1.8) 20:10 Die draak is in die poel van vuur gegooi.

C1.9) 20:11 Die finale Wit Troon oordeel.

C2.1) 21:1 Die nuwe hemel en die nuwe aarde het die eerste hemel en aarde vervang.

C2.2) 21:4 God vee al die trane af, en die dood is daar nie meer nie; ook droefheid, geween en hartseer sal daar nie meer wees nie.

C2.3) 21:5 Hy wat op die troon sit, maak alles nuut.

C2.4) 21:6 En Hy het gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.

C3.1) 21:9 Die bruid, die vrou van die Lam.

C3.2) 21:10 Die groot stad, die heilige Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal.

C3.3) 21:12 Die twaalf poorte in die muur om die stad is vernoem na die twaalf stamme van Israel.

C3.4) 21:14 Op die muur se twaalf fondamente is die name van die twaalf apostels van die Lam.

C3.5) 21:16 Die stad was duisend-vyf-honderd myl breed, lank en hoog.

Volledige uiteensetting

Hierdie verduideliking bestaan uit drie vertellinge, drie getuies, drie evangelies en drie profesieë: 'n A-, 'n B- en 'n C-openbaring. Al drie hierdie gedeeltes in Openbaring vertel vir ons van dieselfde gebeurtenis, naamlik die wederkoms van die Christus.

Al drie vertel die gebeure in volgorde, en ons hoef nie te wonder wat wanneer gebeur nie; dit is vir ons in volgorde neergeskryf.

A) Die boek met die sewe seëls – Openbaring 6

A1) Die sewe seëls word oopgemaak

> **Openbaring 5:9** *Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,*

Ons is meestal bekend met die boek wat verseël is en met Hom wat waardig is om die boek oop te maak, maar ons kom nooit uit by wat in die boek staan nie. Die boek is oopgemaak en ons kan lees wat daarin staan.

A1.1) Die wit perd

> **Openbaring 6:1-2** *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.*

Nadat die Christus uit die dood opgestaan het, het Hy as 'n oorwinnaar uitgegaan om te oorwin. In **Openbaring 19:11** lees ons weer van die wit perd, en dan is dit by die wederkoms van die Christus.

Die tydperk van die wit perd is ná die opstanding en tot min of meer 300 n.C.

A1.2) Die vuurrooi perd

> **Openbaring 6:3-4** *En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.*

'n Tyd van oorlog en dood volg nadat die Romeinse Ryk opgehou het om as 'n wêreldheerser te bestaan. Volke en nasies het onder die gesag van die Romeine uitgekom en met geweld hulle eie gesag afgedwing. Die kerk het ontstaan en almal voorgesê om te glo soos dit voorskryf. In die vyftienhonderds het Protestantisme ontstaan, en daardeur het baie godsdiensoorloë gevolg. Die Romeinse Ryk het sy weermaggedeelte verloor en daarmee saam sy wêreldoorheersing en daarom het nasies teen mekaar begin opstaan.

A1.3) Die swart perd

> **Openbaring 6:5-6** *En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

'n Tyd van handel volg op die tyd van oorlog. In Nederland ontstaan die eerste publieke maatskappy wat sy aandele op 'n aandelebeurs aan die publiek verkoop. Handel tussen lande word belangriker as oorlog tussen lande. Oorlog tussen lande het steeds plaasgevind, maar nou nie meer ter wille van mag nie, maar meer ter wille van handel en geld.

Hierdie tydperk is van die vyftienhonderds af tot vandag.

A1.4) Die vaal perd

> **Openbaring 6:7-8** *En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.*

Die tyd van handel word opgevolg met 'n tyd van dood. Ons tydperk word vervang met die dood. Niemand wil dit beleef nie, maar dit is wat moet gebeur voordat die res van die profesieë in vervulling kan gaan.

A1.5) Die siele onder die altaar

> **Openbaring 6:9-11** *En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.*

Onder die altaar is die siele van dié wat ter wille van die Woord van God gedood is. Hulle wag om op die bewoners van die aarde gewreek te word. Hulle is al ongeduldig en vra aanhoudend hoe lank nog, maar die antwoord is steeds dat daar nog martelare by sal kom en dat hulle moet wag totdat almal daar is; dan sal hulle op die bewoners van die aarde gewreek word. Vandag nog wag hulle vir die martelare van ons tyd, hulle wat vervolg word ter wille van die waarheid van God se Woord.

A1.6) Die mense op die aarde vlug vir die Lam wat op sy troon sit

> **Openbaring 6:12-17** *En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?*

En toe gebeur dit: die dag waarna die martelare gevra het, die dag van sy groot toorn; en wie kan bestaan? Dit is die dag waarop die Koning op sy wit perd na die aarde terugkom om wraak op sy vyande uit te oefen en sy Koninkryk met geweld van die bewoners van die aarde en die draak af te neem.

Sommige mense verwag dat die wederkoms 'n pragtige dag gaan wees, dat die Koning op die wolke sal verskyn en dan na die aarde sal afkom. Daar was 'n groot aardbewing; die son het swart geword, die maan soos bloed en die sterre het verdwyn. Al die berge en eilande het van hulle plekke verskuif. Daar is chaos op die aarde onder die mense. Die mense het hulle in die spelonke en rotse van die berge weggesteek. Dit is nogal verbasend om te sien hoe die mensdom reeds voorbereid is om in ondergrondse stede weg te kruip waaraan hulle al jare lank bou.

Dit is een van die drie grootste gebeurtenisse in ons wêreld. Dit was eers die skepping, toe die eerste koms van die Christus en dan sy wederkoms.

A1.7) Die diensknegte van God wat op die aarde is, word eers verseël voordat die engele die basuine blaas

> **Openbaring 7:2-3** *En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.*

Die Ruiter op die wit perd staan op die punt om sy wraak deur sy engele op die bewoners van die aarde te laat uitgiet, maar Hy het geen begeerte om daardie wraak op sy diensknegte uit te giet nie, en daarom word hulle eers verseël. Al die pyn en lyding wat hierna op die bewoners van die aarde uitgestort word, kom nie oor hulle nie, maar oor die mense wat God en sy Woord verag het. Paulus vertel vir ons hoe hierdie verseëling gaan gebeur.

> **1 Thessalonicense 4:15-17** *Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*

Wanneer die Koning op die wolke kom, sal die grafte oopgaan, van die ontslapenes wat aan Hom behoort, en hulle sal saam met dié wat by sy koms aan Hom behoort en nog in die lewe is, Hom in die lug tegemoet gaan. Hierdie gebeurtenis word deur baie verklaar as ‘n geheime “wegraping” waarin Hy sy diensknegte kom haal en hulle dan wegvat sodat die groot verdrukking kan gebeur, waarna Hy ‘n derde maal saam met sy diensknegte na die aarde sou kom.

Wat Paulus beskryf, sê dat hulle Hom in die lug tegemoet gaan. Dit beteken dat hulle in die lug na Hom toe opgaan, maar dan saam met Hom na die aarde terugkom. As iemand by my kom kuier, gaan ek hom by sy motor tegemoet en dan kom ons albei in my huis in. Ons ry nie saam weg nie. Wanneer hierdie plae uitgegiet word, is dié wat by sy koms aan Hom behoort veilig by Hom, iewers op die aarde, en geen onheil tref hulle nie.

Almal wat Hom in die lug tegemoet gaan, word ook in ‘n oomblik verander deurdat hulle sterflike liggame onsterflik word. Hulle word verheerlik. Omdat sy diensknegte dan verheerlikte, onsterflike liggame sal hê, sal die oordele van die engele ook nie ‘n uitwerking op hulle hê nie. Almal wat Hom nie gehoorsaam het nie, sal Hom nie in die lug tegemoet gaan nie, en die oordele wat volg, kom oor hulle. Dit is God se wraak.

> **1 Korinthiërs 15:51-54** *Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.*

7 A1.8) Sewe engele blaas op sewe basuine

> **Openbaring 8:1-6** *En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent ‘n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. En ‘n ander engel het gekom en met ‘n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.*

Die sesde seël, van die boek wat oopgemaak is, was die wederkoms van die Christus. Die sewende seël volg op die sesde seël, en dit beteken dat al die volgende gebeure ná die wederkoms gaan gebeur. Dit beteken dat die Christus op die aarde is terwyl hierdie dinge gebeur. Hy laat dit gebeur. Baie van ons verwag hierdie dinge om nou al te kan gebeur, maar die wederkoms gaan eers plaasvind en dan gaan Hy self hierdie oordele veroorsaak.

Die martelare onder die altaar vra hoe lank nog voordat hulle op die bewoners van die aarde gewreek word. Op hierdie selfde altaar word hierdie gebede met reukwerk gemeng, en dan gaan dit voor God op. Dan neem die engel die wierookbak, maak dit vol vuur van die altaar en gooi daardie vuur van wraak op die aarde uit. Omdat ons groot word met ‘n “Liewe Jesus gedagte” sukkel ons om te besef dat Hy egter ‘n God van woede en wraak is.

Die sewe engele het elkeen ‘n basuin, en hulle staan gereed om dit te blaas. Nadat een engel geblaas het, is daar ‘n gevolg. Sodra die volgende engel geblaas het, is daar nog ‘n gevolg. Dit is belangrik om te onthou dat die wederkoms nou reeds plaasgevind het en dat die Christus reeds op die aarde is.

Ons moet onsself die heeltyd ondersoek om te sien of ons verwagting van die wederkoms dieselfde is as wat Hy self gesê het dit gaan wees. Wat is ons verwagting? Gaan dit in die geheim gebeur? Gaan dit wees soos die weerlig wat van die ooste tot die weste uitslaan? Gaan Hy op die wolke verskyn en dan dadelik in vrede met almal lewe? Kom Hy ons haal en gaan ons dan almal hemel toe? Gaan daar ‘n bruilof wees, of is dit ‘n dag van wraak?

> **2 Petrus 3:10-12** *Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.*

A2) Die sewe basuine word geblaas

A2.1) Eerste basuin – Hael en vuur vernietig ‘n derde van die bome en groen gras

> **Openbaring 8:7** *En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En ‘n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.*

Ons verklaar die Boek van Openbaring gewoonlik as profeties en heg daarom nie waarde aan die letterlike vervulling daarvan nie; tog sien ons die Ruiter op die wit perd as letterlik en die draak wat in die poel van vuur gegooi word as letterlik. Alles in Openbaring is letterlik; daar word net beelde gebruik om dit te verklaar.

Die eerste basuin verklaar dat, nadat die Christus na die aarde gekom het, Hy sal begin met die wraak waarvoor die siele onder die altaar gevra het. Dit is egter nie net hulle wat sy wraak veroorsaak nie, maar van die begin van die skepping af rebelleer die bewoners van die aarde teen God.

Hy het Homself verneder, die gestalte van ‘n mens aangeneem en tussen ons kom woon om ons van ons sonde te verlos, maar ons het Hom gehaat, Hom as duiwelbesetene uitgeskel, Hom tot ‘n misdadiger verneder en Hom doodgemartel. Vandag nog is dit die bewoners van die aarde se gewoonte om teen God en sy Gesalfde te laster en daarom is sy wraak op almal, behalwe hulle wat die Lam volg waar Hy ook al heen gaan.

Die eerste engel kondig groot skade aan die natuur aan. Profeties is dit hael wat met vuur en bloed gemeng is, maar letterlik is dit dalk iets anders wat die natuur verwoes. Die uiteinde van die basuin is dat die natuur so beskadig gaan word dat dit al die bewoners van die aarde sal beïnvloed.

Indien ons God se woorde glo en wil verstaan wat Hy sê, moet ons Hom volg in wat Hy sê en nie altyd poog om sy woorde deur interpretasie verstaanbaar te maak nie. Hierdie basuine wat hier geblaas word, is nie tot voordeel van die bewoners van die aarde nie; dit is die Christus se wraak op hulle. Hy probeer hulle nie meer red nie, maar verdelg.

Ons is geneig om die wederkoms as die einde te sien, asof alles net gaan stop en ons iets anders gaan begin, maar dit is nie so nie. Dit is net ‘n voortsetting van die huidige. Hy gaan op die wolke kom, en die lewe gaan aan. Dit gaan ‘n geweldige dag wees; mense gaan in gate in die grond wegkruip, maar hulle gaan weer uitkom. Die son gaan nie ophou beweeg nie, en daar gaan steeds dae wees. Mense gaan steeds moet eet en water drink al het Hy reeds gekom.

Die Christus kom met ‘n liggaam, net soos Hy met ‘n liggaam hiervandaan weggegaan het. Hy is nie alomteenwoordig nie. As Hy dus in die noorde is, is Hy nie in die suide nie. Baie gaan dalk Sy koms en al die geweld wat daarmee gepaardgaan, waarneem, maar dan is Hy weer weg, op ‘n ander plek op die aarde, en die lewe gaan aan. Dit is vir ons ‘n geweldig moeilike begrip omdat ons dit nog nooit bedink het nie, maar dit is hoe dit gaan wees.

Nadat die stof van sy geweldige koms gaan lê het, gaan die bewoners van die aarde met hulle lewe aan, want hulle moet nog elke dag eet. Terwyl hulle tot verhaal kom en van die gebeure probeer herstel, maak die eerste engel gereed om sy basuin te blaas.

Dit is ook uiters belangrik om te weet en te onthou dat die huidige bewoners van die aarde nie die Christus verwag nie en geen benul gaan hê van wat gaan gebeur nie. Op sosiale media vlieg video’s van die gebeure rond, en almal verklaar wat gebeur het. Die gewildste verklaring is dat dit “aliens” is, maar die lewe gaan nog aan, al het die Koning gekom.

Dan blaas die eerste engel sy basuin en die bome brand en die gras brand. Nie net ‘n bietjie nie. Die Boek sê ‘n derde van die wêreld se bome en gras. Waar kom die bewoners van die aarde se kos vandaan? Van die bome en die gras, en nou is daar baie minder kos beskikbaar.

Ons moet weer in gedagte hou dat dit nie God se roepstem na die mens is om hom te bekeer nie, maar Sy wraak. Hierdie eerste basuin veroorsaak opnuut verwarring en vrees onder die mense, en nadat hulle gedink het alles is onder beheer na sy onstuimige koms, blyk dit nie so te wees nie.

A2.2) Tweede basuin – Brandende berg word in die see gegooi en ‘n derde van die see het bloed geword.

> **Openbaring 8:8-9** *En die tweede engel het geblaas, en iets soos ‘n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En ‘n derde van die see het bloed geword, en ‘n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en ‘n derde van die skepe het vergaan.*

Die eerste engel se basuin het die natuur getref en die tweede engel se basuin die see. Almal wat gedink het om dan maar vis te eet, se soeke na kos het verder verswaar. Kos wat van ander lande af ingevoer word, is ook baie minder, want selfs baie van die skepe op die see het vergaan.

Absolute paniek begin ontstaan, en die regerings van die lande probeer alles om die publiek te kalmeer en oplossings te vind vir die skielike, onverklaarbare rampe wat die aarde tref. Hou weer in gedagte dat die bewoners van die aarde vandag erken dat daar nie ‘n God is nie, en dié wat wel glo dat daar ‘n God is, aanbid hout en klip. Al die sogenaamde Christelike predikers het geen idee hoe die wederkoms sal wees nie en is saam met die res van die bewoners van die aarde in verwarring. Die Christus wat hulle verwag, is beslis nie hierdie wraakgierige Persoon wat sogenaamd op die wolke gekom het nie.

A2.3) Derde basuin – Brandende ster val op die riviere en fonteine en ‘n derde van die water het bitter geword.

> **Openbaring 8:10-11** *En die derde engel het geblaas, en ‘n groot ster wat soos ‘n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ‘n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en ‘n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.*

Die bewoners van die aarde en die wêreldheersers doen hulle bes om voort te bestaan op ‘n aarde waarvan ‘n derde van die plante en ‘n derde van die see verwoes is, en dan gebeur die volgende oordeel.

‘n Derde van die waterfonteine en die riviere word getref, en die water is ondrinkbaar. *“Hoe lank gaan al hierdie dinge dan aangaan?”* vra die bewoners van die aarde. Eers is die kos skaars, dan die see en nou die varswater; wat kan dan nog verkeerd gaan?

A2.4) Vierde basuin – ‘n Derde van die son, maan en sterre is getref en die derde van die dag sal nie meer sy lig gee nie.

> **Openbaring 8:12-13** *En die vierde engel het geblaas, en ‘n derde van die son is getref en ‘n derde van die maan en ‘n derde van die sterre, sodat ‘n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so. En ek het gesien en gehoor ‘n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met ‘n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!*

Wat kan nog verkeerd gaan? Wel, alles wat tot dusver gebeur het, kon die slimmes en geleerdes dalk nog verklaar, maar nou is dit die hemelruim wat getref word. Stel jouself voor die son kom eers elfuur op en gaan drieuur weer onder. Wat is die gevolg? Uiterste koue, en die plante kan nie groei nie. Omdat die mense so slim in hulle eie oë is, maak hulle weer ‘n plan (soos in Hollywood-films), maar die lewe is nie lekker nie. Wat kan dan nog verkeerd gaan?

Die engel wat in die middel van die lug vlieg, waarsku: “*Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon.”* Die laaste drie engele se basuine is baie erger en sal nie op ‘n sogenaamde wetenskaplike manier deur die mense verklaar kan word nie.

🔔 A2.5) Vyfde basuin – ‘n Ster wat uit die hemel geval het, ontvang die sleutel van die afgrond waarmee hy dit dan oopsluit, en sprinkane wat mag het om die mense vyf maande lank te pynig, het daaruit gekom.

> **Openbaring 9:1-11** *En toe die vyfde engel blaas, sien ek ‘n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van ‘n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het. En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van ‘n skerpioen wanneer hy ‘n mens steek. En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug. En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.*

Die vyfde basuin is ‘n lewendige nagmerrie wat vyf maande lank aanhou. God bring hierdie nagmerrie oor die bewoners van die aarde omdat Hy wraak in sy hart het. Die predikers van hierdie wêreld preek net van ‘n “nice” God wat so bly sal wees as ons dalk maar ‘n plek in ons hart het om Hom aan te neem, maar hierdie God van Openbaring laat bose wesens toe om die bewoners van die aarde vyf maande lank te pynig as gevolg van Sy opgehoopte wraak. Die doel van die vyfde basuin is om die mense maksimaal seer te maak, sonder dat hulle daarvan kan wegkom. Dit is voorwaar ‘n vreemde evangelie.

Hoekom het God dan soveel wraak in Sy hart as Hy ‘n God van liefde is? Omdat wraak deel van liefde is. Ons word ‘n beeld gegee van liefde wat nie bestaan nie, en daarom ken ons God nie, want God is liefde. God het nie liefde nie, maar God is liefde; Hy bepaal die definisie van liefde. Ons beeld van liefde is om pateties te wees en alles te verdra en oor die hoof te sien. Dit is nie God se liefde nie. God vergeld omdat Hy ‘n God van liefde is. Vergelding, wraak en jaloesie is deel van liefde.

> **Jesaja 57:11-13** *Maar vir wie was jy bedug en bevrees? —want jy het ‘n leuenaar geword en aan My nie gedink nie; jy het dit nie ter harte geneem nie. Is dit nie omdat Ek swyg nie, en dit baie lank al, dat jy My nie vrees nie? Ék sal jou geregtigheid bekend maak en jou werke, dat hulle jou geen voordeel bring nie. As jy skreeu, laat jou hoop gode jou red; maar die wind lig hulle almal op, ‘n luggie neem hulle weg. Maar wie op My vertrou, sal die land beërwe en My heilige bergland in besit neem.*

⚔ A2.6) Sesde basuin – Die groot oorlog anderkant die Eufraat.

> **Openbaring 9:13-20** *En die sesde engel het geblaas, en ek het ‘n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om ‘n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plae is ‘n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan. En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie.*

Hierdie profesie is nie maklik om te verklaar nie, maar wanneer ons die profesie van die tweede getuie (Openbaring 12) lees, is dit duidelik dat dit ‘n oorlog tussen die bewoners van die aarde en die Ruiter op die wit perd is. Hierdie oorlog is die gevolg van die desperate aardbewoners wat deur die Ruiter op die wit perd verniel word.

Vanaf sy koms het dit net van sleg tot slegter gegaan, en alle teëspoed was teen die bewoners van die aarde gemik. Hulle het alles probeer om hierdie omstandighede te oorleef, maar noodgedwonge tot die gevolgtrekking gekom dat daar net een moontlikheid tot vryheid is: om hierdie Persoon wat vir al die probleme verantwoordelik is, deur ‘n oorlog te verslaan. Hierdie oorlog word Armagéddon genoem.

Baie mense sal in hierdie oorlog sterf, maar die Ruiter op die wit perd en sy magte sal geen skade ly nie. Let net weer op dat Armagéddon nie ‘n oorlog tussen wêreldmagte is nie, maar tussen wêreldmagte en die Koning op die wit perd.

A2.7) Sewende basuin – Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van die Lam geword.

> **Openbaring 11:15-17** *En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.*

Hoewel die bewoners van die aarde weerstand teen hierdie Ruiter op die wit perd gebied het, was die oormag te groot en het hulle hulle aan Sy heerskappy onderwerp. Deur al die pyn en lyding was die oorlog by Armagéddon die laaste strooi, en al die mense het ingestem om die knie voor Hom te buig en Hom as Koning van die hele aarde te erken.

> **Romeine 14:9-11** *Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.*
>
> **Filippense 2:9-11** *Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.*

= EINDE VAN DEEL A =

B) Die vrou en die draak – Openbaring 12

B1) Die vrou en die draak

B1.1) Die vrou met die twaalf sterre het in die hemel verskyn.

> **Openbaring 12:1-2** *En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.*

Maria is swanger met die Koning van die twaalf stamme van Israel. Sy is op die punt om geboorte te gee en roep uit in haar weë en barensnood.

B1.2) ‘n Groot vuurrooi draak het ‘n derde van die sterre van die hemel met sy stert meegesleep.

> **Openbaring 12:3-4** *En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.*

Terwyl sy in haar barensnood uitroep, verskyn die Duiwel op die toneel, want hy wil die Kind wat sy gaan baar, doodmaak. Die profete het deur die eeue oor hierdie Kind geprofeteer, en hy weet dat hierdie Kind bestem is om hom te vermorsel en daarna as Koning oor die hele aarde te regeer.

> **Génesis 3:15** *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*
>
> **Psalm 2:8-9** *Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met ‘n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos ‘n erdepot.*

B1.3) Die draak het ‘n derde van die engele van God mislei deur hulle te oortuig dat hy aan die Almagtige gelyk is. Hulle het hom gevolg en is saam met hom op die aarde gewerp.

> **Openbaring 12:3-4** *En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.*

B1.4) Die manlike kind wat toe gebore was, is weggeruk na God en sy troon.

> **Openbaring 12:5** *En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.*

Deur die toedoen van die draak en sy onderdane het hy daarin geslaag om die Kind dood te maak, maar hierdie Kind het, anders as wat die Satan verwag het, uit die dood opgestaan en na God en Sy troon opgevaar.

B1.5) Die draak het toe oorlog gaan maak in die hemel, maar kon nie oorwin nie.

> **Openbaring 12:7-9** *En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.*

Die plan van die draak om uit sy veroordeling te kom, was om die Kind dood te maak sodra Hy gebore word, want die profesie het gesê dat hierdie Kind verantwoordelik sou wees vir die vermorseling van sy kop. Die plan was dus eenvoudig: vermorsel die Een wat my gaan vermorsel voordat Hy my kan vermorsel. Toe gebeur egter iets wat hy nie verwag het nie, en sy hele plan stort in duie.

Die Kind staan uit die dood op en gaan na God in die hemel. Daar was net een opsie vir die draak oor, en dit was om die Kind agterna te sit en oorlog te maak teen wie ook al weerstand bied. Hy het hom teen Migael en sy engele vasgeloop en kon hulle nie oorwin nie, maar is verslaan.

Hulle plek is nie meer in die hemel gevind nie. Voor hierdie oorlog, wat in die hemel plaasgevind het, het die duiwel toegang tot die hemele gehad, maar na sy nederlaag is hy en sy engele geban uit die hemel.

> **Job 1:6-8** *En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.*

Ná hierdie oorlog is die plek van Satan en sy engele nie meer in die hemele gevind nie, maar hulle is tot die aarde beperk.

> **Lukas 10:17-18** *En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam. Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.*

Dit was profetiese woorde van die Christus oor wat nog sou gebeur: Satan en sy engele sou uit die hemel val, en hulle plek sou nie meer daar wees nie.

B2) Die dier wat uit die see opkom

B2.1) Die dier wat uit die see uit opkom.

> **Openbaring 13:1** *En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.*

Hierdie dier is profeties van 'n persoon, instansie of organisasie wat groot hiërargie, mag en heerskappy het. Sewe koppe dui op sewe afdelings wat intelligent op hulle eie funksioneer, maar tog deel van dieselfde dier is. Tien horings dui op tien verskillende afdelings van magsuitoefening, en tien krone dui op tien heerskappye; tog is alles deel van dieselfde dier.

B2.2) Die dier is soos 'n luiperd, 'n beer en 'n leeu en die draak het hom sy mag en sy troon en sy krag gegee.

> **Openbaring 13:2** *En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.*

Hierdie dier lyk soos die diere wat Daniël uit die see sien opkom het. Daniël sien 'n leeu, 'n beer en 'n luiperd uit die see opkom. Daar was ook 'n vierde dier wat uit die see opgekom het, maar Daniël beskryf hom net as vreeslik.

Hierdie diere wat Daniël gesien het, was koninkryke. Die leeu was eerste en dit was die koninkryk van Babel. Die beer was tweede en dit was die koninkryk van die Perse. Die luiperd was die derde dier en dit was die koninkryk van die Grieke. Die laaste dier wat Daniël beskryf as vreeslik, verskriklik en sterk, was die Romeinse Ryk.

In Openbaring 13 sien Johannes hierdie dier uit die see opkom. Hy lyk soos die koninkryke van Babilon, die Perse en die Grieke, en die dier wat hy sien, is dieselfde dier wat Daniël gesien het, naamlik die koninkryk van die Romeine.

Na die vierde koninkryk kom daar nie nog 'n koninkryk nie, maar hierdie koninkryk van die Romeine sal bestaan totdat die Ruiter op die wit perd kom. Die gevolgtrekking is dat ons vandag nog onder die heerskappy van die Romeinse Ryk is. Vanselfsprekend sal ons almal protesteer en sê dat dit nie waar is nie, want waar is die keiser en waar is die soldate?

Hierdie ryk van die Romeine het van vorm verander. Die Romeinse Ryk het in die Romeinse Kerk verander. Die Romeinse keiser, Konstantyn, het sowat driehonderd jaar na Christus geleef en die kerk tot stand gebring. Hy het dit redelik ooglopend gedoen en dit selfs die Romeinse Kerk genoem.

Omdat dit ‘n staatsinstelling was, het die staat die amptenare van die kerk vergoed, en in ‘n oogwink het die kerk tot ‘n magtige organisasie gegroei. Die hoof van die Romeinse Ryk was die Keiser self, en die hoof van die kerk was dan natuurlik ook die Keiser. Later het die Romeinse Ryk sy status as ryk verloor, maar die heerskappy het deur die kerk voortbestaan. Toe was die Keiser nie meer die hoof van die kerk nie, maar is hy die Pous genoem.

Met dieselfde mag waarmee die Romeinse Ryk geheers het, het die kerk nou geheers. Voorheen het die Keiser oorlog gemaak, maar nou was dit die Pous. Die Pous het oorlog teen sekere lande gevoer, nie met sy eie weermag nie, maar deur sy mag oor verskillende lande wat die oorloë namens hom gevoer het.

Hoe het hy dit reggekry, en waar het sy mag vandaan gekom? Die draak, die Satan, het hom sy krag, sy troon en sy groot mag gegee. Hieruit weet ons dat die koninkryke van hierdie wêreld deur die Satan self gelei word. Vandag is die Romeinse Kerk, die vierde dier, steeds hier en sal dit heers totdat die Koning kom. Die Duiwel het ons so goed mislei dat ons meestal oortuig is dat die Romeinse Kerk Christene is, maar intussen is dit die dier wat uit die see opkom.

B2.3) Een van die draak se sewe koppe was dodelik gewond en sy wond is genees.

> **Openbaring 13:3-4** *En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?*

Omtrent duisend vyfhonderd jaar na Christus ontstaan daar groot weerstand in en om die kerk. Lede van die kerk protesteer en veroorsaak geweldige vervolging teen die kerk. Baie mense noem hulleself Protestante en verlaat die gesag en heerskappy van die kerk. Die kerk begin hierdie mense vervolg en indoktrineer, en ná baie jare het die kerk almal weer onder sy gesag gekry; almal aanbid weer die kerk en daardeur die draak.

B2.4) Die dier laster teen God se Naam, sy tabernakel en dié wat in die hemel woon.

> **Openbaring 13:6-9** *En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. As iemand ‘n oor het, laat hom hoor.*

Wat die dier uit die see wil hê, is aanbidding, en aanbidding vind in die kerk plaas. Hoewel alle lede van die kerk verseker is dat hulle die God van die Bybel aanbid, het die draak dit reggekry om hulle te verlei sodat hulle dink dat hulle die God van die Bybel aanbid, maar intussen aanbid hulle die dier (die kerk) en die draak (die Satan).

Toe die Christus sy dissipels gewaarsku het dat hulle teen misleiding moet waak en versigtig moet wees, het ons almal sy waarskuwing onderskat. Toe God Adam teen die misleiding van die slang gewaarsku het, het Adam dit ook onderskat. Net soos Adam oortuig was dat hy die waarheid glo wat hy by die slang gehoor het, glo ons dat ons die waarheid glo wat ons by die dier gehoor het wat uit die see gekom het.

Hoewel die kerk laster teen God, weet ons dit nie, want ons weet meestal nie wie God is nie.

B3) Die dier wat uit die aarde opkom

B3.1) Die dier wat uit die aarde opkom

> **Openbaring 13:11** *En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak.*

Dit is nie dieselfde dier as die dier wat uit die see opgekom het nie, maar dit is nog ‘n dier wat nou saam met die eerste dier opgekom het. Die draak is die vader van die leuen, en deur sy leuens mislei hy ons. Alles wat ons oor die eindtydprofesieë gehoor het, kom van die eerste dier af, naamlik die kerk, en die dier behoort aan die draak.

Die draak se evangelie word deur die dier verkondig, en daarom is alles onverstaanbaar en deurmekaar. Almal wat deur die dier geleer is, wag op ‘n Antichris wat moet kom (die dier van Openbaring) en op die wegraping, ensovoorts, maar dit is nie die waarheid nie. Hierdie teologie van die kerk verwar die dier met die Antichris en verkondig dat dit dieselfde karakter is en boonop dat dit ‘n persoon, ‘n mens, gaan wees. Niemand let daarop dat daar twee diere en geen Antichris is nie.

B3.2) Hy maak dat die bewoners van die aarde die eerste dier aanbid.

> **Openbaring 13:12** *En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.*

Al die mag van die eerste dier gaan oor na die tweede dier, en met dieselfde dominansie regeer hy oor die bewoners van die aarde. Wie kan hierdie dier dan wees wat so sterk is? Wel, elke dag spog hierdie tweede dier met sy groot mag en dwing dit op die hele aarde af. Hierdie dier is Washington, D.C.

Die eerste dier is in Vatikaanstad. Vatikaanstad is ‘n baie klein gebied binne die stad Rome, maar soos almal weet, is dit nie deel van Rome of Italië nie; dit is ‘n land op sy eie. Washington, D.C., is die oorspronklike deel van die huidige Washington: tien vierkante myl. Soos almal weet, is die Vatikaanstad nie deel van Rome nie, maar ‘n soewereine land op sy eie. Soos byna niemand weet nie, is Washington, D.C., ook ‘n soewereine land op sy eie en nie deel van die groter Washington of die Verenigde State van Amerika nie. Gaan ondersoek dit gerus op die internet.

Die tweede dier is dus nie die VSA of die burgers van die VSA nie, maar ‘n maatskappy wat onwettig oor die burgers van die VSA regeer omdat dit nie deel van die VSA is nie. Dit sou dieselfde wees as wanneer die Pous en sy trawante die regering van Italië sou oorneem.

Die doel van die tweede dier is om die bewoners van die aarde te dwing om die eerste dier te aanbid. Die tweede dier dwing nie die bewoners van die aarde om hom te aanbid nie, want hy wil nie aanbid word nie, maar hulle moet die eerste dier aanbid. Geen mens aanbid Washington, D.C., nie, maar almal aanbid die kerk.

B3.3) Hy maak dat almal ‘n teken ontvang waarsonder hulle nie kan koop of verkoop nie.

> **Openbaring 13:16-17** *En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.*

Dit is waar ons ons nou op die tydlyn van hierdie profesieë in Openbaring bevind. Ons staan op die punt om verplig te word om op ‘n sekere manier te lewe; anders sal die “stelsel” (die tweede dier) ons vermoë om te koop en te verkoop, wegneem.

Die meeste mense, selfs dié wat bely dat daar nie ‘n God is nie, sien hierdie vangnet van totale beheer voor ons oë ontplooi en weet nie hoe om daarvan vry te kom nie. Ons beleef politieke oproer, oorloë, finansiële onrus en baie ander dinge om ons aandag van een ding af te trek – totale beheer van alle mense.

Die metode wat hulle gebruik, is aan ons bekend en neem voor ons oë vorm aan. Ons kan niks daaraan doen nie, want dit is deur die Koning self voorspel; dit sal gebeur en kan nie nié gebeur nie.

Stap een is om van alle kontant ontslae te raak. Sonder kontant kan ek nie koop of verkoop sonder dat die tweede dier daarvan weet nie. Stap twee is om kontant met ‘n digitale handelstelsel te vervang. Elke persoon se bankrekening word deur ‘n kredietrekening by die tweede dier vervang. As die dier tevrede is met jou handel en wandel, sal jy nie eens van die nuwe stelsel weet nie, maar as die dier ontevrede is met jou, stop hy bloot jou vermoë om te koop en te verkoop deur jou rekening te vries. Omdat daar dan nie meer kontant is nie, sal jy noodwendig nie die vermoë hê om enigiets te betaal nie. Huisuitgawes word nie betaal nie, skoolgeld word nie betaal nie, kos word nie gekoop nie, brandstof word nie gekoop nie, ensovoorts. Al gaan jy steeds werk toe en doen jou werk reg, word jou salaris by die stelsel inbetaal en kan jy dit nie gebruik nie.

Die geld wat jy gespaar en geërf het, is steeds joune, maar onbruikbaar. Jy is van die stelsel afgesny. As jy by jou werkgewer of die polisie gaan kla, doen hulle navraag, en die antwoord is altyd dieselfde: Jy het ‘n oortreding begaan en jou rekening is gevries. Maar sodra jy die oortreding reggemaak het, kan jy weer jou rekening gebruik. Ons keuse gaan eenvoudig wees: Onderwerp jou aan die dier wat jou dwing om die eerste dier te aanbid, of gaan bly op straat, want jy sal nie kan koop of verkoop sonder die merk van die dier nie.

Hier is dus waar ons ons nou op die tydlyn van die wederkoms bevind. Die tweede dier is besig om sy netwerk van beheer oop te span, en AI-beheerde kameras spring by die miljoene op. Ons eie rekenaars, selfone en selfs motorvoertuie help om die datasentrums met ons inligting te vul. Binnekort sal hulle netwerk voltooi wees, en as jy 'n voet verkeerd sit, sal jy nie kan koop en verkoop nie. Gehoorsaamheid word dan gedefinieer deur hulle en nie meer volgens die samelewing nie.

> **Matthéüs 24:6-14** *En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

B4) Die Lam en die sewe laaste plae

B4.1) Die Lam staan op die berg Sion saam met die honderd vier en veertig duisend.

> **Openbaring 14:1** *En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.*

Die Lam is die Ruiter op die wit perd, en Hy is op die berg Sion. Omdat die berg Sion in Jerusalem is, beteken dit dat die Ruiter op die wit perd met sy leërmagte gekom het. Hy was tweeduisend jaar gelede in Jerusalem en het daarna opgevaar. Die enigste manier waarop Hy weer in Jerusalem kan wees, is om terug te kom.

Saam met Hom is honderd vier en veertig duisend. Dit is hulle wat die Lam gevolg het waarheen Hy ook al gaan. Hierdie getal is nie letterlik nie, want die Koninkryk van God is nie vol wanneer daar honderd vier en veertig duisend mense is nie; God wil hê dat al sy kinders gered moet word. Hierdie getal is twaalf duisend uit elke stam van Israel, en daar is twaalf stamme. Dit is simboliese redding wat vir al die stamme van Israel ewe beskikbaar is. God is nie 'n aannemer van die persoon nie.

7 B4.2) Sewe engele met die sewe skale – die laaste plae wat op die aarde uitgegiet word.

> **Openbaring 15:5-8** *En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen. En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels. En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid. En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.*
>
> **Openbaring 16:1** *En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit.*

Net soos met die eerste vertelling, die eerste profesie, is daar nou sewe engele op die aarde om die oordele van die Christus op die aarde te voltrek. Kronologies is dit net ná die tydperk waarin die tweede dier die mense beheer het deur hulle 'n teken te gee, en in daardie tyd van verdrukking het die Lam op die berg Sion verskyn.

Die plae en verdrukking wat deur die engele veroorsaak word, is die gevolg van God se grimmigheid. Hy is woedend oor al die onreg, ongeregtigheid, rebellie en laster wat die bewoners van die aarde teen Hom pleeg. Enige persoon wat dink dat dit nie mooi of reg van Hom is om dit te doen nie, moet wakker word: Hy doen wat Hy wil en vergeld almal wat teen Hom rebelleer. Elkeen wat nie deel van hierdie woedeuitbarsting van Hom wil wees nie, moet hom tot God bekeer - nie tot die dier nie, maar tot God.

B5) Die sewe skale word uitgegiet

B5.1) Die eerste skaal – Kwaai en bose swere het op die mense gekom. (Sien A 2.1)

> **Openbaring 16:2** *Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.*

Dit gaan letterlik gebeur. Die Seun van die mens gaan op die wolke kom, en dan gaan Hy wraak neem op alle mense wat Hom nie gevrees het nie. Die engel wat sy skaal uitgooi, veroorsaak letterlike ongemak en pyn vir die bewoners van die aarde.

Omdat ons nie hou van wat Openbaring voorspel of van hoe God optree nie, vermy ons dit of verander ons dit. Die eerste dier, die kerk, het vir ons ‘n evangelie gegee wat maklik en sag op die oor is, maar dit gaan ons nie van die wraak van God red nie. Dit is beter om van die komende gevaar te hoor en onsself gereed te maak om ons Maker te ontmoet.

> **2 Timótheüs 4:3-4** *want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.*

B5.2) Die tweede skaal – Die see het soos bloed geword en die lewende wesens het gesterf. (Sien A2.2)

> **Openbaring 16:3** *En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van ‘n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.*

Hierdie tweede engel se optrede veroorsaak weer groot probleme in die see, soos wat deur die eerste profesie oorgedra is. ‘n Derde van die diere in die see vrek, en ‘n derde van die skepe vergaan.

B5.3) Die derde skaal – Die riviere en fonteine het soos bloed geword. (Sien A 2.3)

> **Openbaring 16:4-7** *En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het ‘n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.*

Hou weer in gedagte dat die Ruiter op die wit perd reeds op die aarde is en dat al hierdie dinge wat dan op die aarde gebeur, Sý keuse en Sý toedoen is. Nadat die derde skaal uitgegiet is, word al die riviere en waterfonteine beïnvloed, en drinkwater word ‘n probleem. Hierdie optrede van God is nie om die mense ‘n les te leer nie, maar die gevolg van sy wraak. Dit is nie om hulle te tugtig nie, maar wraak. Ons as mense dien nie ‘n God van wraak nie, maar Hy wat op die wolke kom, ís ‘n God van wraak, of ons dit goedkeur of nie - Hy is wat Hy is.

> **Romeine 12:19-20** *Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.*

Waarom sê God dat sy diensknegte hulle nie op hulle vyande moet wreek nie? Sodat Hý dit kan doen; wraak sal beslis geskied. Almal wat dus nou verkeerd teen God se diensknegte optree, sal op daardie dag wanneer Hy op die wolke kom, hulle vergelding ontvang, maar nie van die diensknegte nie – van hulle God.

B5.4) Die vierde skaal – Die son het die mense met groot hitte geskroei. (Sien A 2.4)

> **Openbaring 16:8-9** *En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.*

Die eerste vertelling in **Openbaring 8:12** het ook gesê dat die vierde engel se invloed op die hemelruim is. Die eerste vertelling het geprofeteer dat die son vir 'n derde van die dag nie sal skyn nie, en hierdie profesie sê dat die son die mense sal skroei. Ons weet dus dat die werking van die son heeltemal deurmekaar gaan wees.

Wanneer die dag te kort is, vries almal, en as die son weer te lank uitkom, skroei hy die mense met sy hitte. Dit is 'n nagmerrie wat vir die mense op die aarde op pad is. Ons wat dit nog kan lees, is steeds in die bevoorregte posisie om iets daaraan te doen. Solank ons onsself met God gelykstel of selfs so ver gaan om teen Hom te rebelleer, sal dit ons uiteinde wees; maar wanneer ons ons tot Hom bekeer (nie tot die dier wat sê hy is god op aarde nie), onsself kruisig, die Lam volg waarheen Hy ook al gaan en tot die einde toe volhard, sal Sy wraak nie oor ons wees nie. Ons moet ons dus gereed maak om ons Skepper te ontmoet. As ons ons nie tot Hom wil bekeer nie, is dit ons keuse, maar ons gaan Hom steeds ontmoet.

B5.5) Die vyfde skaal is op die troon van die dier uitgegooi en sy koninkryk is verduister en hulle het hulle tonge gekou van pyn.

> **Openbaring 16:10-11** *En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.*

"Ek sal my nie aan Hom onderwerp nie; wie dink Hy is Hy?" Dit is die optrede van hulle wat reeds ver deur hierdie wraakproses gegaan het. Hierdie gedeelte word deur die eerste vertelling beskryf as die onderaardse wesens wat uit die afgrond gekom het met een doel: om die bewoners van die aarde vyf maande lank te pynig. Hierdie vertelling sê dat hulle hul tonge van pyn gekou het, maar steeds geweier het om aan Hom onderdanig te wees.

Hy is die nuwe mag op aarde, en Hy het gekom om sy Koninkryk hier te vestig. Hy is midde-in die proses om dit te doen. Sy regering gaan egter ook oor die bewoners van die aarde wees wat hierdie plae oorleef, maar hulle moet hulle dan aan Hom onderwerp, want Hy is die Koning van die konings. Selfs nadat die vyfde engel sy skaal uitgegooi het en die bewoners van die aarde vyf maande lank gepynig is, het hulle steeds weerstand gebied en planne beraam om ontslae te raak van hierdie Persoon wat hulle wil oorheers.

B5.6) Die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die Eufraat vir die groot oorlog van Armagéddon.

> **Openbaring 16:12-16** *En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.*

En toe gebeur dit, en toe gebeur dit, en toe gebeur dit. Al hierdie gebeure het tot dusver op mekaar gevolg. Die Ruiter op die perd staan op die berg Sion; dan begin sy engele sy oordele op die bewoners van die aarde uitgiet, en hier is ons nou by die sesde oordeel: Armagéddon.

In die wêreld waarin ons nou leef, word omtrent elke konflik as die Armagéddon beskou waarvan die Bybel praat, maar nee, dit kom eers ná die wederkoms, nádat die Koning gekom het. Dit is nie die Russe en die Chinese wat teen die Amerikaners en die Jode oorlog gaan maak nie; dit is al die weermagte van die wêreld wat saam teen die Lam oorlog maak.

Die bewoners van die aarde het nou al vyf van die plae van die Lam beleef en is desperaat om onder Sy mag uit te ontsnap. Die wederkoms vind dus nie binne 'n paar minute plaas waarna Sy Koninkryk op aarde gevestig is nie; die bewoners van die aarde bied weerstand teen elke plaag van die Lam en probeer aan al Sy dade ontsnap. Ons moet onthou dat die meeste bewoners van die aarde nie glo dat daar 'n God is nie, wat nog te sê van 'n koms van die Christus. Al hierdie gebeure tot dusver is vir hulle vreemd en onverklaarbaar. Party mag dalk sê dat dit ruimtewesens of duiwels

is, maar baie min verwag die ware Christus, want die eerste dier het die mense geleer om ‘n Antichris, ‘n alternatiewe Christus, te aanbid en te verwag.

Al die wêreldheersers en die konings van die aarde beraadslaag dan saam, maar hulle word deur die vals profeet, wat geeste van duiwels is, gehelp en beïnvloed. Hulle word oortuig dat die beskikbare wapentuig van die wêreld genoeg is om hierdie nuwe Maghebber, wat Sy gesag op hulle afdwing, met geweld en deur oorlog te verslaan. Hulle dink hierdie oorlog moet by die Eufraat gebeur en dat die kodenaam Armagéddon moet wees. Hulle het geveg, maar Hy was te sterk, en hulle moes hulle aan Hom onderwerp.

Psalm 2

B5.7) Die sewende engel het sy skaal uitgegooi en ‘n stem het uit die hemel geroep wat sê: Dit is verby!

> **Openbaring 16:17** *En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en ‘n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!*

Dit is die einde van sy oordele. Hy word as Koning van die hele aarde gekroon, en saam met Sy Mederegeerders regeer Hy oor die aarde vir die duisend jaar van herstel. Dit wat in die tyd van Adam verkeerd gegaan het, het sesduisend jaar lank onder die vloek gely wat die Skepper daaroor uitgespreek het; maar in die laaste duisend jaar kom die Skepper self, as Mens, en herstel Sy skepping nadat Hy Sy skepsels reeds van die ewige dood gered het.

> **1 Korinthiërs 15:22-28** *Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.*

B5.8) Die bruilof van die Lam; sy vrou het haar gereed gemaak.

> **Openbaring 19:7** *Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.*

Die bruilof van die Lam gebeur nie met Sy wederkoms, soos die eerste dier ons geleer het nie; die bruilof van die Lam kom ná die duisendjarige regering van die Christus. Die Lam is God, en die bruid is nie die kerk (die dier) nie, maar die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal.

= EINDE VAN DEEL B =

C) Oorwinning van Christus – Openbaring 19:11

C1) Oorwinning van Christus, die duisend jaar en die finale oordeel

C1.1) Die Koning kom na die aarde met sy wit perd en sy leërs in die hemel het Hom gevolg. 19:11

> **Openbaring 19:11-16** *Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.*

Hierdie derde vertelling begin anders as die ander twee eers by die wederkoms van die Christus, maar gaan dan verder in die toekoms in as die ander twee. Hy is die Ruiter op die wit perd, die leërs in die hemel het Hom gevolg, en Hy kom na die aarde om die koninkryke wat op die aarde is, omver te werp en te vernietig en sy Koninkryk in hulle plek te vestig. Soos ons nou reeds gesien het, is hierdie proses nie 'n vreedsame samespreking tussen Hom en die konings van die aarde nie, maar hulle kry net met sy magtige veroordeling en vernietiging te doen.

> **Daniël 2:44-45** *Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan — net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.*

C1.2) Die dier en die leërs van die aarde het hulle versamel om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit.

> **Openbaring 19:19** *En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.*

Soos albei die ander profesieë deur die optrede van die sesde engel bevestig het, loop die wederkoms van die Christus uit op 'n enorme oorlog, die slag van Armagéddon. Die profeet sê nie of dit die eerste of die tweede dier is nie, maar ons weet dat die eerste dier, die Romeinse Ryk wat die Romeinse Kerk geword het, al sy mag aan die tweede dier oorgegee het, wat die bewoners van die aarde gedwing het om die eerste dier te aanbid. Dit sal dan sekerlik die tweede dier wees, Washington, D.C. (wat, soos nou ook, die aanvoerder is), wat daardie oorlog teen die Lam en sy leërmagte voer. Die Lam het egter oorwin, en nou volg die gevolge van die rebellie teen Hom.

C1.3) 'n Engel uit die hemel het die draak gebind en toegesluit vir duisend jaar in die afgrond.

> **Openbaring 20:1-3** *En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.*

Hierdie dinge gebeur letterlik. 'n Engel gryp die Duiwel, bind hom met 'n ketting, sluit hom in die afgrond toe en verseël dit bo hom, sodat hy geen kontak met iemand op die aarde het en geen kennis of inligting het van wat daar gebeur nie, want dit word bo hom verseël. Sy invloed op die aarde word gevries, en hy kan niemand meer verlei nie.

Hierdie gevangenskap is egter nie permanent nie, maar net vir duisend jaar, waarna hy weer ontbind gaan word – nie vir altyd nie, net vir 'n kort tydjie. Ons mag dalk baie vrae hê, soos: "Maar waarom?" en "Hoekom weer loslaat?" Dit is egter God se handelinge. Hy handel altyd in geregtigheid, en om die Duiwel te veroordeel, moet ook in geregtigheid

gebeur. Stadig maar seker draai die Duiwel homself in sy eie ongeregtigheid vas, en die tou waarmee hy vas is, word al korter.

Met die skepping was hy in die Paradys, met Job was hy in die hemel, maar met sy oorlog in die hemel het sy tou korter geword en is hy tot die aarde beperk. Met sy oorlog teen die Lam by die slag van Armagéddon word sy tou nog korter, en hy word in die afgrond opgesluit. Sodra hy ná die duisend jaar vir ‘n kort tydjie ontbind word, oortree hy verder en word hy dan in geregtigheid veroordeel en gevonnis.

> **Jesaja 14:7-15** *Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel. Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Líbanon, en hulle sê: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie. Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan. Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword. Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as ‘n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking. Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorwelediger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!*

Hierdie profesie van Jesaja handel oor hierdie duisendjarige gevangenskap van die Duiwel en nie oor sy finale bestemming in die hel nie; dit kom nog.

C1.4) Trone is gegee aan hulle wat die Lam gevolg het waar Hy ook al heen gaan en hulle het saam met Hom regeer die duisend jaar lank.

> **Openbaring 20:4-6** *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.*
>
> **Jesaja 11:1-10** *Maar daar sal ‘n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. En Hy het ‘n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van ‘n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ‘n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as ‘n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.*
>
> **Lukas 19:15-19** *En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het. En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede.*
>
> **1 Korinthiërs 15:22-28** *Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.*

C1.5) Na die duisend jaar word die draak weer losgelaat uit sy gevangenis.

> **Openbaring 20:7** *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;*

Vir ‘n letterlike duisend jaar, waartydens die Koning van die heelal oor die bewoners van die aarde geheers het, was die duiwel in afsondering gevange en het hy geen idee gehad van wat intussen op die aarde gebeur het nie. Ná die duisend jaar word die seël van die deur gebreek, en die duiwel word weer op die aarde losgelaat.

C1.6) Hy gaan dan uit om die nasies te verlei, die Gog en die Magog, en hulle gereed te maak vir die laaste oorlog.

> **Openbaring 20:8** *en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*

Nadat hy deur die aarde getrek en gesien het wat gebeur het sedert hy opgesluit was, beplan hy sy donker strategie teen die Koninkryk van God op die aarde. Ná die duisend jaar het hy glad nie verander nie, maar is hy steeds ‘n mensemoordenaar en die vader van die leuen.

Hy trek van nasie tot nasie en oortuig hulle dat die Koning wat oor hulle heers onregverdig is, dat Hy sy eie volk bevoordeel, teen hulle diskrimineer en dat dit sy skuld is dat hulle swaar leef, ensovoorts. Hulle glo hom almal en stem in om oorlog te maak teen die Lam wat uit Jerusalem regeer.

Dit is die laaste een van drie oorloë, en ons moet mooi kyk watter een is watter een, sodat ons nie dink daar is net een oorlog nie.

1. Die eerste is die oorlog wat in die hemel gebeur het nadat die Messias uit die dood opgestaan en na God en sy troon opgevaar het. Die duiwel en sy engele het teen Migael en sy engele oorlog gemaak, kon nie oorwin nie en het soos ‘n bliksem uit die hemel geval.

2. Die tweede is die oorlog tussen die bewoners van die aarde en die Lam wat op die wolke gekom het: Armagéddon. Hierdie oorlog gebeur ná die wederkoms, maar voor die regering van die Koning; die bewoners van die aarde kon nie oorwin nie en het sy gesag aanvaar.

3. Die derde is die oorlog tussen die bewoners van die aarde wat deur die duiwel verlei is nadat hy uit sy duisendjarige gevangenskap gekom het: Gog en Magog.

C1.7) Vuur van God uit die hemel het gekom en hulle almal vernietig.

> **Openbaring 20:9** *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.*

Hoewel die profesie in Openbaring die slag tussen Gog en Magog en die Koning in Jerusalem met een sin afhandel, is daar twee hoofstukke in Esegiël wat hierdie oorlog beskryf.

> **Es*égiël 38:1-2*** *Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, rig jou aangesig teen Gog, in die land Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal, en profeteer teen hom*

Ons moet onthou dat hierdie oorlog meer as duisend jaar in die toekoms lê, maar die oorlog van Armagéddon gebeur binnekort, net ná die wederkoms van die Koning.

C1.8) Die draak is in die poel van vuur gegooi.

> **Openbaring 20:10** *En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*

Nadat die Draak duisend jaar lank in afsondering gevange gehou is en daar toe vrede op die aarde was, is dit die finale bewys dat hy die een is wat die nasies verlei en die onrus veroorsaak, omdat geweld dadelik weer losgebars het toe hy op die toneel verskyn. Hy het homself as die wortel van alle kwaad ontbloot en kon hom nie meer uit die aanklagte lieg nie. Sy werke het teen hom getuig.

Die duiwel word dan veroordeel en gevonnis, en sy straf is ‘n ewigheid in die poel van vuur, waar hy en sy trawante gepynig gaan word. Walt Disney het ‘n beeld geskep waarin die hel ‘n plek van pyniging vir die mense is en die duiwel die een is wat hulle pynig, maar die hel is vir hom en sy engele gemaak.

> **Matthéüs 25:41** *Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.*

Die duiwel en sy engele het geen kans om aan die veroordeling te ontsnap nie, want daar is vir hulle geen genade nie. Omdat die Duiwel die mens verlei het om ook ongeloof in God te hê, is ons veroordeling dieselfde as dié van die duiwel en sy engele: ‘n ewigheid in die hel. Omdat God egter anders oor die mens as oor die engele voel, het Hy deur genade en in geregtigheid vir hulle ‘n uitkoms uit hierdie veroordeling tot die plek van verskrikking gemaak.

Hierdie genade van God word egter op die aarde deur die god van hierdie wêreld verkondig, en omdat hy God se kinders haat, verkondig hy leuens oor die Weg na saligheid aan ons. Die meeste van ons word steeds deur God veroordeel omdat ons nie deur geloof die Weg van genade in geregtigheid gevolg het nie.

> **Lukas 13:23-24** *Toe sê iemand vir Hom: Here, is die wat gered word, min? En Hy antwoord hulle: Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.*

C1.9) Die finale Wit Troon oordeel.

> **Openbaring 20:11-15** *En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

Dit is die dag van rekenskap aan die einde van die duisend jaar: die finale oordeel. Wanneer iemand vandag vir ons sê dat ons ons moet gereed maak om ons Skepper te ontmoet, praat hy van hierdie dag. Niemand gaan op hierdie dag vrygespreek word nie, behalwe hulle wie se name in die boek van die lewe geskryf staan.

Ons vraag moet dan uiteraard wees: Wat moet ek doen om my naam in die boek van die lewe geskryf te kry? Dit is slegte raad om by die wêreld en die kerke van die wêreld te gaan vra, want hulle is onder die administrasie van die dier in die Vatikaanstad, en die dier is onder die direkte gesag van die draak.

> **Jesaja 55:6-9** *Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.*

C2) Die nuwe hemel en die nuwe aarde

C2.1) Die nuwe hemel en die nuwe aarde het die eerste hemel en aarde vervang.

> **Openbaring 21:1-3** *En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is. En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.*

Hierdie profesie is bo ons natuurlike gedagtes, en ons moet hieruit aflei dat alles soos ons dit ken en verstaan, niks met die nuwe Jerusalem te doen het nie. Die eerste ding wat Johannes sien, is ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde. Waar is die ou hemel en die ou aarde? Dit het verbygegaan; dit is nie meer daar nie, en selfs die see is weg.

Die tweede ding wat Johannes sien, is die heilige stad, die nuwe Jerusalem. In ons gedagtes sien ons die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal, maar onthou dat die hemel soos wat ons dit ken, verbygegaan het en dat hierdie stad uit ‘n nuwe hemel neerdaal, maar nie na die aarde toe nie, want dit het ook verbygegaan. Hierdie stad kom nie na hierdie aarde toe nie, maar na die nuwe aarde toe. Waar is hierdie aarde en waar is hierdie hemel? Ons weet nie. Waar is die ou aarde en die ou hemel? Ons weet nie.

Die goeie nuus is dat die mense nog daar is, hoewel die aarde weg is. Die beste nuus is dat God saam met hulle op die nuwe aarde gaan woon. Hy sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir Hom ‘n volk wees. Let net op dat hulle vir Hom ‘n vólk gaan wees en nie ‘n bruid nie.

C2.2) God vee al die trane af en dood is daar nie meer nie, ook droefheid en geween en hartseer sal daar nie meer wees nie.

> **Openbaring 21:4** *En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.*

Ons kan ons nie ‘n lewe sonder moeite, geween, droefheid, hartseer en die dood indink nie, maar dit is hoe God se Koninkryke is en hoe die Koninkryk van hierdie aarde was voordat daar sonde was.

God skep nie ‘n Koninkryk met hartseer, moeite, trane en geween nie, selfs nie met die dood nie; dit is alles veroorsaak deur Adam wat nie in God geglo het nie. Hy self het ons geleer bid.

> **Matthéüs 6:9-10** *Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*

Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word deurdat U Koninkryk kom, sodat U wil op die aarde kan geskied soos wat dit in die hemele geskied.

God se wil is ‘n Koninkryk sonder moeite, hartseer, trane, afguns, selfsug, agterdog, ensovoorts. Daardie Koninkryk van Hom is op pad en gaan kom; sommige van ons gaan deel van hierdie wonderbare Koninkryk wees, en sommige gaan verlore. Die keuse is nog ons s’n.

C2.3) Hy wat op die troon sit, maak alles nuut.

> **Openbaring 21:5** *En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.*

Nog goeie nuus is dat ons nie hoef te help nie. Ons hoef nie ons deel te doen nie; Hy maak alles nuut. Sommige mense ontken dit, maar hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. Sommige mense sê dat daar nie ‘n God is nie, maar Hy maak alles nuut, en hulle belydenis het geheel en al geen invloed op Hom nie. Al die ongelowiges sal wonder wat gebeur het, maar dan is dit te laat en sal hulle geen deel daaraan hê nie; hulle deel is ‘n ewigheid van pyn en selfverwyt.

C2.4) En Hy het gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.

> **Openbaring 21:6-8** *En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.*

In die begin het God die hemel en die aarde gemaak. Dit was nie die begin van alles nie en veral nie die begin van God nie; dit was net die begin van ons hemel en die aarde. Sesduisend jaar gelede het God ons hemel en aarde geskape en ons as mense op die aarde geplaas om daaroor te heers. Adam was die koning, en saam met sy nageslag moes hulle in geregtigheid oor die aarde heers en die skepping van God geniet.

Soos ons weet, het dit sommer baie vroeg skipbreuk gely, en die aarde is deur God vervloek ter wille van Adam en sy nageslag. Nou is ons geslag die mense wat aan die einde van die sesduisendjaar-tydperk leef, en dan volg die duisendjaar-tydperk van sy heerskappy, waardeur Hy die vervloekte aarde herstel.

> **1 Korinthiërs 15:22-28** *Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as Koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.*

God is die begin van ons skepping, en hoewel dit nie volgens sy wil verloop het nie, is Hy steeds die einde van alles en herstel Hy wat verkeerd is. In sy almagtige raadsplan herstel Hy dit wat sy koning, Adam, verkeerd laat loop het.

> **Psalm 138:8** *Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!*

C3) Die bruid en die Nuwe Jerusalem

C3.1) Die bruid, die vrou van die Lam.

> **Openbaring 21:9** *En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.*

Die Duiwel was uiters suksesvol om ons te mislei wat die bruid van die Lam betref. Alle "Christene" verwag dat die kerk die bruid van die Lam is en dat Hy, wanneer Hy op die wolke kom, met die kerk gaan trou. Die enigste bewys vir hierdie teologie is die gelykenis van die tien maagde. Die gelykenis van die tien maagde is eerstens 'n gelykenis van die werklikheid en nie die werklikheid self nie. Net soos die Lam nie 'n Saaier is wat saad saai nie, is Hy nie 'n Bruidegom wat met die kerk gaan trou nie. Net soos die vertelling van die saaier 'n gelykenis is, is die vertelling van die bruilof ook 'n gelykenis.

Uit al drie vertellinge wat ons nou hier in Openbaring gesien het, is dit openbarend dat Hy as 'n Koning kom wat teen die koninkryke van hierdie wêreld oorlog voer en nie as 'n Bruidegom wat met die kerk kom trou nie. Om die waarheid te sê, is die kerk nooit in die openbaringe genoem nie, behalwe as die dier wat uit die see opkom om die nasies te mislei.

Die Lam het egter 'n bruid, maar hierdie bruid verskyn eers duisend jaar ná sy wederkoms op die verhoog. Teen die tyd dat die bruid verskyn, het die ou aarde en die ou hemel reeds verdwyn en is hulle deur die nuwe aarde en die nuwe hemel vervang. Weet ons egter wie die bruid van die Lam is?

C3.2) Die groot stad, die heilige Jerusalem, wat van God uit die hemel neerdaal.

> **Openbaring 21:10-11** *En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.*

Die bruid van die Lam is nie die kerk nie, maar die groot stad, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal. Alles wat ons gedink het ons van die bruid weet, moet ons vergeet en by God hoor wie die bruid is. Dit is 'n stad, maar nie 'n stad soos Pretoria of Kaapstad nie. Hierdie stad daal van die nuwe hemel na die nuwe aarde neer, en ons het geen begrip van wat dit gaan wees nie.

Abraham het hierdie stad uit die hemel reeds verwag, en dit was baie jare voordat Konstantyn die kerk uitgedink het. Abraham het dieselfde belofte as ons van God ontvang, sodat ons nie vir hierdie tydelike aarde moet leef nie, maar bereid moet wees om die offers te bring sodat ons deel van die ewige Nuwe Jerusalem kan wees.

> **Hebreërs 11:8-10** *Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.*

C3.3) Die muur om die stad se twaalf poorte is vernoem na die twaalf stamme van Israel.

> **Openbaring 21:12-13** *En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.*

Rondom die stad is daar 'n vierkantige muur, en aan elke kant was daar drie poorte. 'n Poort is die enigste toegang tot 'n stad, en daarom het die muur poorte. Die muur om die stad is daar om ongeregtigde toegang te keer. Elke poort het 'n naam, en die naam van die geregtiges wat deur daardie poort mag ingaan, is op die poort geskryf. Die name van die twaalf stamme van Israel was op die poorte geskryf, want hulle het toegang tot die stad, die bruid.

C3.4) Die muur se twaalf fondamente se name is die name van die twaalf apostels van die Lam.

> **Openbaring 21:14** *En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.*

Die muur rondom die stad is op die fondament van die twaalf apostels gebou. Dit is hulle wat die evangelie van die Koninkryk van God verkondig het, en daarom is die evangelie van die Koninkryk van God die fondament van die muur wat rondom die stad gaan.

C3.5) Die stad was duisend vyfhonderd myl breed, wyd en hoog.

> **Openbaring 21:16** *En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.*

⚠ Slotbeskouing: Waak teen misleiding

Baie jare gelede het ek 'n omie ontmoet wat al sy besittings verkoop en na Amerika geëmigreer het omdat die kerk waarvan hy 'n lid was, die afmetings van die Nuwe Jerusalem gebruik het om te kyk waar op die aarde dit sou pas. Hulle gevolgtrekking was dat dit iewers in 'n woestyn in die VSA was. Op sy oudag het hy verhuis omdat hy deel van hierdie gebeurtenis wou wees, maar hy was mislei.

Mislei beteken dat hy gelei is, maar dat die persoon of organisasie hom verkeerd gelei het. Hulle het gesê dat hulle hom na die Nuwe Jerusalem lei wat uit die hemel neerdaal, maar hoewel hy hulle gevolg het, het hy nie uitgekom waar hulle belowe het nie.

> **Spreuke 14:12** *Daar is ‘n weg wat vir ‘n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.*

Hierdie Weg na die Koninkryk van God het baie leiers wat aan baie mense verkondig dat hulle die Weg ken om by die Koninkryk uit te kom, maar hulle verskil almal van mekaar. As daar net een Weg is en almal van mekaar verskil, is dit dus onmoontlik dat almal reg kan wees. Daar kan hoogstens net een wees wat reg is, en daarom is al die ander verleiers. Hulle lei mense na ‘n spesifieke plek toe, maar die mense wat hulle volg, kom nie by daardie bestemming uit nie, maar by ‘n ander plek.

Stel jou voor jy doen navorsing oor die Griekse eilande, bespreek ‘n toer daarheen, betaal die bedrag en vertrou dan op die toerleier om jou daar te kry, maar jy beland in die middel van die Saharawoestyn sonder kos en water. Jy is mislei.

Wat moes hierdie omie doen om te voorkom dat hy mislei word? Hy moes self gaan kyk wat die Bybel sê. Hy het die moeite gedoen om op sy ouderdom al sy besittings te verkoop, sy land te verlaat en na ‘n vreemde land te verhuis omdat ‘n mens hom mislei het. Hy moes die moeite gedoen het om die Woord van God te ondersoek, nie op mense te vertrou nie en agterdogtig te wees oor alle uitsprake van mense.

Wat hy sou sien, is dat die stad uit die hemel eers duisend jaar ná die wederkoms sou kom en nie vóór die wederkoms, soos die misleiers hom geleer het nie. Hy sou ook sien dat die Nuwe Jerusalem van die hemel af op die nuwe aarde neerdaal, waar daar in elk geval geen see meer is nie. Om die huidige wêreldkaart te gebruik, is dus sinneloos.

Iemand het iets gesê oor ‘n Antichris wat drie en ‘n half jaar lank op die aarde gaan regeer nadat die Ruiter op die wit perd sy diensknegte met ‘n geheime wegraping kom haal het om hulle teen die Antichris te beskerm. Is dit die waarheid, of is dit ook ‘n gerug wat mense op hol jaag en laat rondtrek sonder dat dit die waarheid is?

Elkeen van ons moet self gaan kyk of ons nie dalk mislei is nie. Blaai deur die bladsye van die Bybel en soek die Antichris. Die Antichris is nie iemand wat as ‘n tiran oor die wêreld gaan regeer nie. Daar was al baie sulke tiranne, maar die Antichris is iemand wat ‘n vals evangelie verkondig; hy is die Christus wat ons in ons hart en verstand het, maar wat van die ware Christus verskil. Die Antichris is ‘n alternatief vir die ware Christus.

> **1 Johannes 2:18-23** *Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie. En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie. Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.*

> **Matthéüs 24:23-24** *As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*

- **Openbaring 2:7** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.*
- **Openbaring 2:11** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.*
- **Openbaring 2:17** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.*
- **Openbaring 2:29** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*
- **Openbaring 3:6** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*
- **Openbaring 3:13** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*
- **Openbaring 3:22** *Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

🔗 Parallelle tabel van die drie getuies – Opgesom

Gebruik dieselfde kleur en emoji horisontaal om die ooreenstemmende gebeure te volg.

Tema	📜 Getuie A: Seëls en basuine	🐉 Getuie B: Vrou, draak en skale	👑 Getuie C: Christus se oorwinning
🐎 Wederkoms	🐎 A1.6 — Die mense vlug vir die Lam op die troon (Openb. 6:12–17).	🐎 B4.1 — Die Lam staan op Sion saam met die verseëldes (Openb. 14:1).	🐎 C1.1 — Die Koning kom op die wit perd (Openb. 19:11–16).
🌓 Beskerming	🌓 A1.7 — God se diensknegte word verseël vóór die basuine.	🌓 B4.1 — Die Lam en die 144 000 staan saam op Sion.	🌓 C1.4 — Die getroues regeer saam met Christus.
💧 Eerste oordeel	💧 A2.1 — Hael en vuur tref die aarde (Openb. 8:7).	💧 B5.1 — Bose swere tref dié met die merk (Openb. 16:2).	💧 Christus begin sy oordeel oor die opstandige wêreld.
🌊 Tweede oordeel	🌊 A2.2 — Die see word getref; lewe en skepe vergaan.	🌊 B5.2 — Die see word soos bloed en lewende wesens sterf.	🌊 Die oordeel beweeg van land na see.
🩸 Derde oordeel	🩸 A2.3 — Riviere en fonteine word bitter.	🩸 B5.3 — Riviere en fonteine word bloed.	🩸 Drinkwater word deel van die wêreldwye oordeel.
☀️ Vierde oordeel	☀️ A2.4 — Son, maan en sterre word gedeeltelik verduister.	☀️ B5.4 — Die son skroei die mense met groot hitte.	☀️ Die hemelruim word ’n instrument van oordeel.
🔥 Vyfde oordeel	🔥 A2.5 — Wesens uit die afgrond pynig die mense.	🔥 B5.5 — Die dier se koninkryk word verduister; mense kou hul tonge van pyn.	🔥 Die opstandige koninkryk word direk getref.
⚔️ Sesde oordeel	⚔️ A2.6 — Oorlog by die Eufraat.	⚔️ B5.6 — Die nasies word vir Armagéddon versamel.	⚔️ C1.2 — Die dier en aardse leërs voer oorlog teen die Ruiter.
👑 Sewende oordeel	👑 A2.7 — Die wêreld se koninkryke word die Lam s’n.	👑 B5.7 — “Dit is verby!”; die plae bereik hul eindpunt.	👑 C1.4 — Christus en sy volgelinge regeer duisend jaar.
⚖️ Finale oordeel	⚖️ Die seëls en basuine lei na finale rekenskap.	⚖️ Die draak, dier en valse profeet word veroordeel.	⚖️ C1.9 — Die groot Wit Troon oordeel (Openb. 20:11–15).
🌍 Vernuwing	🌍 Die oordele berei die einde van die ou orde voor.	🌍 Ná die finale stryd word die ou orde beëindig.	🌍 C2 — Nuwe hemel en nuwe aarde (Openb. 21:1–6).
💍 Bruid	💍 Die eerste getuie ontwikkel nie hierdie slotbeeld nie.	💍 B5.8 — Die bruilof van die Lam word aangekondig.	💍 C3 — Die bruid word as die Nuwe Jerusalem getoon.

Invoegsel: Parallelle tussen die drie getuies van Openbaring

🔗 **Dieselfde kleur en emoji wys afdelings wat in die gestruktureerde dokument met mekaar verbind is. "—" dui aan dat geen direkte afdeling in daardie getuie vir die betrokke verbinding aangedui is nie.**

Kleurverbinding	A — Die boek met die sewe seëls	B — Die vrou en die draak	C — Oorwinning van Christus
🐎 **Wit perd en die koms van die Koning**	**A1.1)** Die wit perd – **6:1** **A1.6)** Die mense op die aarde vlug vir die Lam wat op sy troon sit **6:12**	—	**C1.1)** Die Koning kom na die aarde met sy wit perd en sy leërs in die hemel het Hom gevolg. **19:11**
🛡️ **Diensknegte van God en die Lam**	**A1.7)** Die diensknegte van God wat op die aarde is, word eers verseël voordat die engele die basuine blaas	**B4.1)** Die Lam staan op die berg saam met die honderd vier en veertig duisend. **14:1**	—
7️⃣ **Sewe engele en die laaste oordele**	**A1.8)** Sewe engele blaas op sewe basuine **8:1**	**B4.2)** Sewe engele met die sewe skale wat as die laaste plae op die aarde uitgegiet word. **16:1**	—
🔥 **Eerste oordeel**	**A2.1)** Eerste basuin – Hael en vuur vernietig 'n derde van die bome en groen gras **8:7**	**B5.1)** Die eerste skaal – Kwaai en bose swere het op die mense gekom. **16:2**	—
🌊 **Tweede oordeel**	**A2.2)** Tweede basuin – Brandende berg word in die see gegooi en 'n derde van die see het bloed geword. **8:8**	**B5.2)** Die tweede skaal – Die see het soos bloed geword en die lewende wesens het gesterf. **16:3**	—
💧 **Derde oordeel**	**A2.3)** Derde basuin – Brandende ster val op die riviere en fonteine en 'n derde van die water het bitter geword. **8:10**	**B5.3)** Die derde skaal – Die riviere en fonteine het soos bloed geword. **16:4**	—
☀️ **Vierde oordeel**	**A2.4)** Vierde basuin – 'n Derde van die son, maan en sterre is getref en die derde van die dag sal nie meer sy lig gee nie. **8:12**	**B5.4)** Die vierde skaal – Die son het die mense met groot hitte geskroei. **16:8**	—
🦗 **Vyfde oordeel**	**A2.5)** Vyfde basuin – 'n Ster wat uit die hemel geval het, ontvang die sleutel van die afgrond, waarmee hy dit dan oopsluit, en sprinkane wat mag het om die mense vyf maande lank te pynig, het daaruit gekom. **9:1**	**B5.5)** Die vyfde skaal is op die troon van die dier uitgegooi, sy koninkryk is verduister en hulle het hulle tonge gekou van pyn. **16:10**	—
⚔️ **Sesde oordeel en die groot oorlog**	**A2.6)** Sesde basuin – Die groot oorlog anderkant die Eufraat. **9:13**	**B5.6)** Die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die Eufraat vir die groot oorlog van Armagéddon. **16:12**	**C1.2)** Die dier en die leërs van die aarde het hulle versamel om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit. **19:19**
👑 **Sewende oordeel, koninkryk en voleinding**	**A2.7)** Sewende basuin – Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van die Lam geword. **11:15**	**B5.7)** Die sewende engel het sy skaal uitgegooi en 'n stem het uit die hemel geroep wat sê: Dit is verby! **16:17**	**C1.4)** Trone is gegee aan hulle wat die Lam gevolg het waarheen Hy ook al gaan, en hulle het die duisend jaar lank saam met Hom regeer. **20:4** **C2.4)** En Hy het gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. **21:6**
🐉 **Die draak se oorlog en einde**	—	**B1.2)** 'n Groot vuurrooi draak het 'n derde van die sterre van die hemel met sy stert meegesleep. **12:3** **B1.5)** Die draak het toe oorlog gaan maak in die hemel, maar kon nie oorwin nie. **12:7**	**C1.5)** Na die duisend jaar word die draak weer losgelaat uit sy gevangenis. **20:7** **C1.8)** Die draak is in die poel van vuur gegooi. **20:10**
💍 **Die bruilof, bruid en Nuwe Jerusalem**	—	**B5.8)** Die bruilof van die Lam; sy vrou het haar gereed gemaak. **19:7**	**C3.1)** Die bruid, die vrou van die Lam. **21:9** **C3.2)** Die groot stad, die heilige Jerusalem wat van God uit die hemel neerdaal. **21:10** **C3.3–C3.5)** Die poorte, fondamente en afmetings van die stad. **21:12–16**